
# Kersopsteek




## Omsendskrywe


25 Junie 2026

No. 1 van 2026

011 769 1670

Andries Pretorius str.
Witpoortjie
1724

laerskooldrhavinga.co.za



# Uit die Hoof se pen

Kwartaal 2 is agter die rug en ons neem as ‘n skool die tyd om te reflekteer oor wat gebeur het, maar ook waarna ons kan uitsien in kwartaal 3.

Kwartaal 2 was besonders besig en die bestuurspan saam met die beheerliggaam het verskeie projekte, maar ook uitdagings aangepak.
Op sportgebied het ons rugby en netbal seisoen glad verloop, en ons is trots op die O/10 rugbyspan wat deurgedring het tot die kwarteindrondtes, en ook die O/11 netbalspan wat in die Butterfly reeks gespeel het en algeheel 2de in die distrik geëindig het. Geluk aan al die afrigters met die puik uitslae.

Met projekte het ons vir die eerste keer in jare ‘n Damesoggend gehad met die tema “Jy is genoeg” wat uiters suksesvol was. Dankie Juffrou Hettie en jou span. Juffrou Junique het ‘n Barnyard funksie gereël en dit is juis wat personeel en vriende van Laerskool Dr Havinga nodig gehad het. Nie net die musiek het gevloei nie, maar ook gesellige gesprekke en vriendskappe is gevorm. ‘n Besonderse aand in Dr. Havinga se geskiedenis.

Ons Opedag op 27 Mei was groot, groter, Havie groot, met baie ouers en toekomstige Havie familielede wat kom oë wys het. Al die personeel en veral Juffrou Dot en haar span het weereens gewys wat in die Havies steek, om alles wat ons aanpak suksesvol te maak. Julle is voorwaar ‘n wenspan.

Op kultuurvlak het ons leerders ook goed gevaar. Ons het verskeie leerders wat deur is vir skaak, en ook weer baie trots op Thoriso wat vir ‘n tweede jaar in ‘n ry aan die ATKV finale redenaars deelneem. Baie geluk julle.

Soos met alles in die lewe is daar goed en sleg en ek moet ongelukkig met julle deel dat die skool deurloop onder diefstal. Verskeie items is gesteel of beskadig die laaste paar weke. Ek doen asb ‘n beroep op alle ouers en gemeenskapslede om ons te help. Wees asb waaksaam, meld verdagte aktiwiteite aan en kom ons staan saam om Laerskool Dr. Havinga te beskerm teen die elemente. Die skool se opgedateerde kamerasisteem sal nou deur hulp van ons sekuritietsfirma na ure gemonitor word om die skool so te probeer beskerm.

Skoolfonds en die gebrek aan betaling daarvan plaas ongelooflike druk op die daaglikse funksionering van ons skool. Nie-betalende ouers wat nie vir vermindering aansoek gedoen het nie, en/of wat wel het, maar steeds nie hul verpligtinge nakom nie is oorgegee en sal nou deur die prokureurs gekontak word. Ouers, help asb!!!!!! Die skool ontvang tans R26.25 per maand per kind van die staat. Dit is nie genoeg om aan enige basiese behoeftes van die skool te voorsien nie. Kontak asb die skool se finansieskantoor en kom maak reëlings. ONS HET ALLE OUERS NODIG!!!!!!!!!!!!

Ek sien daarom baie uit om saam alle ouers, personeel, leerders en vriende van Laerskool Dr. Havinga te werk, om kwartaal 3 wat voorlê ‘n reuse sukses te maak. Kom ons help almal om die Lig in Dr. Havinga, soos ons leuse sê, te laat skyn.

Vriendelike groete
Mnr Hugo



# Sport



## Rugby

Laerskool Dr. Havinga het vanjaar 'n besonder besige en suksesvolle rugbyseisoen beleef. Ons spanne het 'n propvol program gehad, met die meeste spanne wat meer as 15 wedstryde gedurende die seisoen gespeel het.

Die skool is ryk aan rugbytalent, en dit was duidelik sigbaar in die hoë gehalte spel wat deur al die ouderdomsgroepe gelewer is. Namate die seisoen gevorder het, het die standaard van rugby net al hoe beter geword, met opwindende en kompeterende wedstryde reg deur.

Ons o/9-span het besonder goed gevaar en daarin geslaag om die uitspele te haal – 'n uitstekende prestasie. Baie geluk aan die afrigters, Mnr'e Frikkie en Adolph.  Die o/10- en o/11-spanne was egter baie ongelukkig om nie ook deur te dring na die uitspele nie, maar hulle het deurgaans karakter en deursettingsvermoë getoon.

Die skool se jong eerste span, met nie minder nie as 10 Graad 6-spelers, het besondere moed en vasberadenheid gewys. Hulle het nie geskroom om teen sterker en ouer teenstanders te speel nie en het werklik hul staal getoon. Hierdie span hou groot belofte in, en ons sien reeds uit na 2027 – 'n seisoen waarin hulle beslis 'n sterk aanspraak op die beker kan maak.

Ons is ongelooflik trots op al ons rugbyspanne se harde werk, toewyding en sportmangees. Die fondasie is gelê vir nog groter sukses, en ons sien reeds met opgewondenheid uit na die 2027-rugbyseisoen, waar ons mik om al ons spanne in die uitspele te hê



## Netbal

Die O/11A-netbalspan het vanjaar 'n uitsonderlike seisoen beleef en deurgaans uitstekende spel, deursettingsvermoë en ware spanwerk getoon. Tydens die liga het die span met groot toewyding en vasberadenheid meegeding, wat daartoe gelei het dat hulle hul plek by die gesogte Butterfly Festival verseker het. Hierdie prestasie is 'n bewys van die spelers se harde werk, dissipline en die sterk samewerking tussen elke spanlid. Baie geluk Juf Chantanie met jou span.

By die Butterfly Festival het die O/11A-span weereens hul talent en veggees ten toon gestel. Deur uitstekende wedstryde en indrukwekkende spel het hulle 'n welverdiende tweede plek behaal – 'n besondere prestasie waarop die hele skool trots kan wees. As verdere erkenning van hul uitsonderlike spanwaardes, positiewe gesindheid en sportmangees, is die span ook met die Geesbeker bekroon. Hierdie toekenning weerspieël nie net hul sukses op die baan nie, maar ook die respek, entoesiasme en trots waarmee hulle hul skool verteenwoordig het.



Baie geluk aan elke speler en afrigter met 'n merkwaardige seisoen. Julle toewyding, harde werk en voorbeeldige houding het 'n blywende indruk gemaak, en ons sien uit daarna om nog vele suksesse in die toekoms saam met hierdie talentvolle span te vier.

## Skaak

Havies se Skaakspan maak met elke skuif op die skaakbord hul lig helder skyn! ♟
Die Havies se skaakspan is vol entoesiasme en oefen regdeur die jaar hard! Ons spelers het reeds vanjaar uitstekende prestasies behaal en daar is nog baie om na uit te sien.
Op 25 April het ons leerders aan die Roodepoort Individuele-kampioenskappe deelgeneem. Uit hierdie kompetisie het ses leerders deurgedring na die D12 Individuele Kampioenskappe, wat op 9 Mei plaasgevind het.

Ons is besonder trots dat drie van hierdie leerders, Lené Jacobs, Thando Matonana en Tené Rossouw in die D12-span opgeneem is en D12-kleure verwerf het – 'n uitstekende prestasie wat hul harde werk en toewyding beloon.

Hierdie talentvolle skaakspelers sal ook ons skool by die Gauteng Individuele Kampioenskappe op 9 Oktober verteenwoordig. Ons wens hulle alle sterkte toe terwyl hulle voorberei vir hierdie groot geleentheid.
Die opwinding stop egter nie daar nie! Die derde kwartaal hou nog baie geleenthede in, met verskeie vriendskaplike wedstryde wat voorlê, asook die D12 Span-kampioenskap op 15 Augustus, waar ons skaakspelers in spanverband gaan meeding.

# Kultuur

## Koor

Haviekoor. Ons sien baie uit na die 3de kwartaal propvol optredes. 28 Julie neem ons deel aan NG Weltevreden se koorfees. Net die volgende aand is ons deel van die Constantiakruin Winterfees. In Augustus maak ons reg om die Kompaskunstefees hier by #onsskool aan te bied. Ons sien sommer baie uit na die optredes.







## Redenaars

Ons skool het 'n baie geslaagde redenaars kwartaal beleef.
Daar was 6 leerders wat deurgedring het na die semi-finaal van die ATKV redenaars.

Ons is trots om te sê dat Thoriso Rammutle gr 7 vir die tweede agtereenvolgende jaar deurgedring het na die finaal!!
Baie geluk Thoriso. Ons hou styf duimvas vir jou.




## Toneel

Ons toneel seisoen skop saam kwartaal 3 af en gaan die planke warm speel! Die jaar se teks; As die ink opdroog.. beloof om die gehoorlede te laat terugsit en lag, selfs 'n traan te pik! Die karakters oefen al vir maande, die klank en beligting is slaggereed!! Die eerste optrede vind 22 Julie in ons skoolsaal plaas.
Daarna gaan hierdie besondere toneelgeselskap kompeteer by die ATKV-Tjokkertoneel in Pretoria en ook by die Pronk-Pret kompetisie wat by H/s Noordheuwel plaasvind.



# Algemeen

## Personeelnuus



Hierdie afgelope kwartaal is ons baie opgewonde om te deel dat twee van ons personeellede hul graad verwerf het. Baie geluk aan Juf Marlene & Juf Jorita.

Ons skool het ook ‘n nuwe personeellid verwelkom. Mnr Aiden Gerber, hy het sommer reeds deel van ons Havie-familie geword en ons is opgewonde vir wat hy gaan doen by ons skool in die kwartaal wat kom.

Die grootste en oudste Ultra-Marathon het op 14 Junie plaasgevind en ons is ongelooflik trots dat twee van ons onderwysers, Juf Annelize en Mnr Rudi, agter die wegspringstreep gestaan het! Juf Annelize het haar wedloop onder 10 ure voltooi!

Juf Monique van Rooyen het op 5 Mei geboorte gegee aan ‘n pragtige baba dogtertjie, Mieka van Rooyen. Beide Mamma en baba is gesond!

Daar is ook in hierdie kwartaal vreugde en verlies ervaar deur ons personeel, dis hoekom ons aanhou bid vir elke persoon wat by ons skool betrokke is en elke dag werk om ons leuse **Lig** uit te leef!

## Snoepie & Kafeteria

Ons wil ons opregte dank en waardering uitspreek aan n oud Havie en haar werk vir die skenking van kafeteria-toerusting.
Hierdie skenking sluit in ’n dubbl-deur yskas om ons koeldrank lekker koud te hou, toonbankoond, toonbank yskas en kaste vir die stoorkamer asook kombuistoerusting.
Hierdie toerusting lewer ’n groot bydrae tot die verbetering van ons fasiliteite en die doeltreffende bediening aan ons leerders en ouers.
Baie dankie vir u vrygewigheid en ondersteuning. U bydrae maak ’n werklike verskil en word opreg waardeer.



## Finansies

Skoolgeld vir 2026 is as volg:
Graad R-RRR : Halfdag (7h00-13h00) R 1930 per maand x12 = R 21230 per jaar
Voldag (7h00-18h00) R 2850 per maand x12 = R 31350 per jaar
Graad 1 – 7: R 2249 per maand x11 = R 24739 per jaar
Skoolgeld is op die 1ste van elke maand VOORUIT BETAALBAAR
Skoolgeld is volgens wet verpligtend.

U bydrae dra by tot die sukses van #onsskool en daarsonder kan ons skool nie funksioneer nie. Dit is ongelooflik belangrik dat ouers/voogde hul verpligting teenoor die skool nakom. Skoolgeld maak dat #onsskool die beste skool vir u kind bly. Dit voorsien kwaliteit opvoeding en help #onsskool om die baken van ons gemeenskap.
Maak asseblief seker dat u elke maand u skoolgeld betaal. Indien daar ’n probleem is moet u dadelik die finansiële kantoor kontak. Maak seker dat u kontak besonderhede altyd korrek is.

**Kommerwekkende statistiek neem asb kennis:**
Ouers wat glad nie skoolgeld betaal nie:
Graad R – 2, Graad 1 – 19, Graad 2 – 20, Graad 3 – 35, Graad 4 – 37, Graad 5 – 48, Graad 6 – 54, Graad 7 – 54

Aan die einde van elke 3 maande word nie-betalers sonder ’n wettige reël oorhandig aan die invorderaars. In April is 262 ouers oorhandig. Aan die begin van Julie vind die volgende oorhandiging plaas.

Baie dankie aan al die ouers wat wat gereeld skoolgeld betaal of ’n wettige reëling kom tref het.

Gebruik die korrekte bankbesonderhede:
Bank: ABSA
Rekening naam: LAERSKOOL DR HAVINGA
Rekening nommer: 10-1880-1368
Rekening tipe: BUSINESS CHEQUE ACC
Tak: CLEARWATER
Takkode: 632 005

Indien ’n ouer of besigheid ’n skoolkind se skoolgeld wil borg vir ’n jaar, kwartaal of net vir ’n maand, kontak gerus ons skoolgeldkantoor en gesels met me Ansie van Dyk.

**BETAAL U SKOOLGELD, DIT IS DIE REGTE DING OM TE DOEN**

# Skool funksies





## Dames oggend

"Jy is Genoeg" - 'n Oggend om te Koester.
Ons pragtige damesoggend was 'n reuse sukses en het elke verwagting oortref. Van die eerste verwelkoming tot die laaste groet was die atmosfeer gevul met warmte, omgee en opregte waardering - 'n herinnering aan elke vrou dat sy kosbaar is en dat sy genoeg is.
Die tema, "Jy is Genoeg", het elke hart aangeraak en elke dame met nuwe inspirasie en moed huis toe laat gaan. Daar was gelag, daar was trane van ontroering en, bo alles, 'n diep besef dat elke vrou uniek geskape en onmeetbaar waardevol is.
'n Besonderse woord van dank gaan aan ons ongelooflike gaskunstenaars, Ryan Walt en Steven Sterling, wat met hulle inspirerende boodskappe, opregte humor en pragtige musiek 'n blywende indruk op elkeen gemaak het. Hulle optrede het die oggend op 'n besonderse manier verryk en elke dame aangemoedig om met nuwe hoop en vreugde vorentoe te stap.
As 'n laaste bederf, is elke dame huistoe met die mooiste blom en 'n geskenkpak vir die wonderlike vroue wat die dag saam met ons gedeel het.
Ons harte loop oor van dankbaarheid teenoor elke borg, helper, ondersteuner en gas wat hierdie besonderse geleentheid moontlik gemaak het.
Dit was soveel meer as net 'n damesoggend - dit was 'n viering van vrouwees, geloof, liefde en die kosbare waarheid dat elke vrou waardevol is.
Mag elke dame altyd onthou: **Jy is genoeg. Jy is geliefd. Jy is kosbaar.**

## Barnyard

Ons tweede Barnyard, wat vanjaar plaasgevind het, was 'n groot sukses. Julle het gewys dat 'n gemeenskap nie deur getalle gemeet word nie, maar deur mense wat bereid is om hul hande en harte oop te maak.

Die geleentheid was 'n viering van saamstaan, saamwerk en die besondere dinge wat gebeur wanneer ñ gemeenskap mekaar ondersteun.

Dit was pret en plesier, musiek en dans, eet- en drinkgoed. Die klank van geluk en feesviering het weergalm en 'n besondere atmosfeer van saamkuier en gemeenskapsgees geskep.

Ons opregte dank gaan uit aan elke persoon wat 'n kaartjie gekoop het, gehelp verkoop het, die geleentheid bygewoon het, pryse geskenk het en ons skool ondersteun het.

Aan elkeen wat deel was van hierdie sukses, dankie. Julle ondersteuning, aanmoediging en teenwoordigheid het meer beteken as wat woorde kan beskryf.

Dankie dat julle in ons skool en ons kinders se toekoms belê het.

Havies se harte loop oor.

## Opedag

Havies Opedag – 'n Dag vol pret, ontdekking en avontuur!
Laerskool Dr. Havinga se Opedag was 'n groot sukses en ons het talle opgewonde toekomstige Havies en hul ouers by #onsskool verwelkom. Die dag was gevul met lag, opwinding en wonderlike geleenthede vir gesinne om ons skool beter te leer ken.



Vanaf die oomblik wat die gesiggies deur die hekke gestap het, was daar 'n gevoel van opgewondenheid in die lug. Baie nuwe maats het kom inloer om te sien wat dit beteken om deel van die Havie-familie te wees. Ons is dankbaar vir elke ouer wat die tyd geneem het om hul kind na ons Opedag toe te bring. Julle belangstelling en ondersteuning beteken baie vir ons.
Die toer deur die skool het vir groot pret gesorg. Die toekomstige Havies het die geleentheid gehad om ons netjiese klaskamers, speelareas en fasiliteite te verken. Daar was verskeie prettige aktiwiteite en stasies waar hulle #onsskool kon verken.



Een van die hoogtepunte van die dag was die plantjie-aktiwiteit waar kinders hul eie plantjies kon plant. Hierdie aktiwiteit het nie net vir pret gesorg nie, maar ook die belangrikheid van groei en versorging beklemtoon – waardes wat ons by Laerskool Dr. Havinga beklemtoon.

Nog 'n besonderse hoogtepunt was die busritte wat die kinders die geleentheid gegee het om deel van die avontuur te voel. Dit was wonderlik om hul opgewondenheid te sien terwyl hulle saam nuwe herinneringe geskep het en om die skool te kon ry.
'n Opedag van hierdie gehalte is slegs moontlik danksy die harde werk, toewyding en entoesiasme van ons personeel.



'n Opregte woord van dank aan elke personeellid wat hul tyd, energie en kreatiwiteit ingesit het om die dag 'n reuse sukses te maak. Julle passie vir ons skool en ons kinders het duidelik uitgestraal.
Ons sien met groot afwagting uit daarna om volgende jaar baie van hierdie nuwe gesiggies as amptelike Havies te verwelkom. Die toekoms lyk blink, en ons kan nie wag om saam met hulle hul skoolreis te begin nie.

# Maandprogram

## Julie 2026

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
| --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- |
| | | | 1 Skoolvakansie | 2 Skoolvakansie | 3 Skoolvakansie | 4 Skoolvakansie |
| 5 | 6 Skoolvakansie | 7 Skoolvakansie | 8 Skoolvakansie | 9 Skoolvakansie | 10 Skoolvakansie | 11 |
| 12 | 13 Skoolvakansie<br>Toneel oefen | 14 Skoolvakansie<br>Toneel oefen | 15 Skoolvakansie<br>Toneel oefen | 16 Skoolvakansie<br>Toneel oefen | 17 Skoolvakansie<br>Toneel oefen | 18 |
| 19 | 20<br>Maak seker jou tas is gepak!! | 21<br>**Kwartaal 3!**<br>Werk hard hierdie kwartaal! | 22<br>Mini-Krieket oefen<br>Krieket oefen<br>Skaak oefen<br>Toneel aand – Saal R20 pp | 23<br>Landloop oefen<br>Sr Hokkie proewe<br>Krieket oefen<br>Toneel – ATKV | 24<br>Dogterskrieket-wedstryd<br>Skaak oefen<br>Toneel oefen | 25 |
| 26 | 27<br>**Mnr Jan & Juf Marilise verjaar!**<br>Kompas Kunstefees<br>Landloop oefen<br>Sr Hokkie Capping<br>Krieket oefen<br>Mini-Krieket oefen | 28<br>Volgvoete<br>Mini-Hokkie oefen<br>Landloop Oefen<br>Sr Hokkie – Aandreeks<br>Mini-Krieket oefen<br>Krieket oefen<br>Kompas Kunstefees | 29<br>Stokperdjieklub<br>Mini-Krieket oefen<br>Sr Hokkie – Aandreeks<br>Skaak oefen<br>Kompas Kunstefees<br>Toneel – Pronk Pret | 30<br>Mini-Hokkie oefen<br>Landloop oefen<br>Dogterskrieket oefen<br>Sr Hokkie wedstryd -Tuis<br>Krieket JHB-Wes proewe<br>Kompas Kunstefees | 31<br>Vlaghysing<br>Dogterskrieket-wedstryd<br>Skaak oefen<br>Krieket JHB-Wes proewe<br>Kompas Kunstefees<br>Toneel oefen | |

## Dagboek die datums!

- 21 Julie - Skole begin
- 9 Augustus - Vrouedag
- 10 Augustus - Vakansiedag
- 1 September - Lentedag
- 11 September - Gholfdag

# Bemarking




Om in ons **maandelikse** Kersopsteek te adverteer, kontak Juf Monique: monique@drhavinga.co.za

